

## NG KERK IN OOS-KAAPLAND

### AAN KERKRADE : BESLUIE VAN SINODE 2016

Geagte voorsitter, skriba en kerkrade,

Die Twaalfde Vergadering van die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland het op sy byeenkoms van 31 Oktober tot 3 November 2016 die volgende besluite geneem wat hiermee vir kerkrade se aandag deurgegee word:

#### 1. VIDEO'S EN KLANKOPNAMES VAN BELANGRIKE INSETTE BY DIE SINODE

1.1 Prof Stephan Joubert het verskeie geestelike insette tydens die sinode gemaak. Dr Theuns Eloff van die FW de Klerk Stigting, en voormalige rektor van die Noordwes-Universiteit het insiggewend oor #FeesMustFall gepraat. Daar is ook ander insette gemaak. Klankopnames van hierdie bydraes is beskikbaar by [www.ngkok.co.za](http://www.ngkok.co.za). Klik in die spyskaart bo-aan die webblad op SINODE en dan weer op Sinode 2016. Al die skakels is hier beskikbaar.

1.2 Daar is ook pittige dog insiggewende video's oor elke dag by die sinode gemaak. Dit is op Youtube gelaai. Die skakels is by bogenoemde bladsy te vind.

### IDENTITEIT

#### 2. VERBIND AAN MEKAAR

2.1 Gesprek is by die sinode gevoer oor die diep onderlinge verbintenis tussen gemeentes en ringe.

2.2 Kerkrade word gevra om hierdie onderlinge verbintenis deur onderlinge steun en bemoediging in ringe uit te leef.

2.3 Die sinode se geloofsverbintenis lui:

#### GELOOFSVERBINTENIS

**Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.**

*Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.*

**Ons glo aan 'n heilige kerk wat deur wet en belydenis 'n ligdraer in die wêreld is.**

*Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.*

**Ons glo aan 'n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan.**

*Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.*

**Ons glo aan 'n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is.**

*Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.*

**Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee.**

*Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.*

#### 3. RINGE AS RUIMTES VIR VERSORGING

3.1 Oor die afgelope dekade het Ringe sterk wegbeweeg van die tradisionele kontrolerende vergaderings na ruimtes vir versorging en voorbidding vir mekaar. Strategiese beplanning en ringsprojekte vervang blote verslagdoening.

3.2 Kerkrade en ringe word aangemoedig om hiermee vol te hou.

#### 4. MISSIONALE VERGADERINGS

4.1 Die NG Kerk – ook in Oos-Kaapland – kie om 'n missionale kerk te wees. Ons staan in diens van God se liefde vir die wêreld.

4.2 Die raamwerkdokument of verslag wat die missionale identiteit van die NG Kerk bevestig (AS 2013) is beskikbaar op die Sinode se webblad by <http://ngkok.co.za/as2013/missie-verslag.pdf>.

4.3 Kerkrade hou die missionale identiteit van die kerk in gedagte by gesprekvoering en besluite.

### ALGEMENE SAKE EN FINANSIES

**Nota:** Hierdie sake word in meer detail bespreek in A2 – Verslag van die Sinodale Kommissie, te vind in die Sakelys van die Sinode – besoek: <http://ngkok.co.za/sinode2016/Agendaboek-Sinode-OK-2016.pdf>

## 5. PROPONENTE MOET BEVESTIG WORD

5.1 Die Sinode versoek kerkrade om nie proponente in diens te neem sonder dat hulle in die amp van leraar georden word nie. Proponente moet bevestig word sodat hulle die volle dienswerk van die gemeente kan waarneem.

## 6. REISKOSTE EN VERBLYFKOSTE : VBO

6.1 Die Sinode versoek kerkrade om leraars aan te moedig om Voortgesette Teologiese vorming te ondergaan, verlof hiervoor toe te staan en ook hiervoor te begroot.

6.2 Die Sinode versoek die SK en rings-kommissies om saam te werk aan 'n model vir VBO reis- en verblyfsubsidie aan elke plattelandse leraar om gemeentes met koste tegemoet te kom. Die toekenning aan ringsprojekte uit die Sinodale Hulpfonds word hiervoor gebruik, en uitbetalings word net in die geval van werklike uitgawes gemaak.

## 7. BETROKKE BY ONDERWYS

7.1 Die Sinode moedig ringe, kerkrade en lidmate aan om betrokke by onderwys te bly.

7.2 Die Sinode bedank alle onderwysers vir hulle getroue en harde werk om 'n beter toekoms vir Suid-Afrika te bly skep.

7.3 Gebed vir Universiteite en tersiêre onderwys

1. Die Sinode moedig gemeentes aan om te bid vir Hoër Onderwys, universiteitspersoneel en studente.

2. Gemeentes in Nelson-Mandelabaai word aangemoedig om die NMMU te ondersteun in hulle herstelprogram, via:  
[fmf.nmmu.ac.za/support4nmmu](http://fmf.nmmu.ac.za/support4nmmu)

3. Die Sinode moedig gemeentes naby kampusse, studente en ouers van studente aan om betrokke te wees by die gesprekke om kampusse.

## 8. OUDERLINGE: BEDIENINGS-TOERUSTING VIR DIE LEIDING VAN EREDIENSTE

8.1 Die Sinode spreek dank uit teenoor ringe, leraars en ouderlinge wat met toewyding meewerk aan die bediening van die Woord, en die opleiding en mentor van ouderlinge daarvoor.

## 9. DROOGTE EN DROOGTEHULP

9.1 Die Sinode het ingeskakel by die landswye inisiatief van die NG Kerk om fondse vir die ondersteuning van boere en droogtegeteisterde gebiede in te samel.

9.2 Gemeentes het ruim bygedra, en Oos-Kaapse gemeenskappe het ook baat gevind by van die hulp. Die NG Kerk se Droogtehelpprojek het op hede 'n totaal van R3 598 294 ingesamel. Meer as 200 individuele bydraes, van 132 NG gemeentes en 4 Sinodes is ontvang. Die strategie was van die begin af om slegs fondse aan NG gemeentes beskikbaar te maak om hulle in staat te stel om hulp te verleen in die gemeenskap. Tot op hede is reeds R1 793 032.59 oorbetaal aan 20 gemeentes in droogtegeteisterde gebiede. R500 000 is oorbetaal aan Agri SA in die Wes Transvaal. Fondse is aangewend op verskillende wyses, soos vir die sink van boorgate, watertanks en pompe by skole, ouetehuse en kerke, veevoer en die vervoer daarvan.

9.3 Die Sinodale Kommissie het gemeentes ook by meer as een geleentheid opgeroep om te bid vir reën.

9.4 Die Sinode verseker Suid-Afrikaanse boere van voortgesette meelewing en voorbidding.

9.5 Die Sinode bid vir boere, en ook vir die leraars in landelike gebiede wat boere in die dikwels moeilike omstandighede, meegebring deur droogte, ander natuurrampe en ook plaasaanvalle en –moorde, pastoraal moet ondersteun.

## 10. LIVINGSTONE HOSPITAAL-BEDIENING

10.1 Die Livingstone Hospitaalbediening is na oorleg tussen belanghebbendes met Arbeidsbediening in Port Elizabeth gemaalgameer.

10.2 Gemeentes wat deur spesiale kollekte vir hierdie bediening bydra, moet dus kennis neem dat fondse in die toekoms in Arbeidsbediening se bankrekening inbetaal moet word, met die verwysing "Livingstone".

## 11. #IMAGINE

11.1 Gemeentes moedig jongmense aan om #imagine by te woon, en stuur ook leraars en volwasse raadgevers om deel te neem aan die geleentheid.

11.2 Besoek [www.imaginemovement.co.za](http://www.imaginemovement.co.za) vir meer inligting.

## 12. HOSPITAALBEDIENING AAN PLATTELANDSE LIDMATE

**12.1** 'n Vrywillige (spesiale) kollekte vir Hospitaalbediening aan plattelandse lidmate in Port Elizabeth word in verskeie gemeentes opgeneem. Die SK het ds Gerald Ehlers van Port Elizabeth gekontrakteer om hierdie pasiënte te besoek. Sy onkoste word dan uit hierdie fondse vergoed.

**12.2** Gemeentes kontak ds Ehlers met die besonderhede indien besoeke verlang word. Sy selfoonnommer is 082 226 8066.

**12.3 Die bediening word opnuut onder gemeentes se aandag gebring. Gemeentes word ook versoek om kollektes vir hierdie doel op te neem en aan die sinodale kantoor oor te**

## 13. FINANSIËLE KONTROLES IN GEMEENTES

**13.1** Die SK het bewus geword van verskeie die ongelukkige situasie van gemeentes wat fondse deur interne diefstal verloor het.

**13.2** In die lig hiervan is die Sinodale Kommissie vir fondse versoek om riglyne te formuleer vir die hantering van fondse in gemeentes.

**13.3** Die risiko lê op meer as een terrein:

- Tussen die ontvangs van kontant en die uitskrif van 'n gemagtigde kwitansie vir daardie fondse
- Die uitskrif van die kwitansie en die bank van fondse
- Die uitbetaling van fondse aan ongemagtigde begunstigdes

**13.4 Voorsorgmaatreëls:**

- Die beste voorsorgmaatreël is om altyd te verseker dat meer as een persoon fondse hanteer totdat 'n gemagtigde kwitansie daarvoor uitgeskrif word. Waar 'n diaken fondse kollekteer, moet dit onverwyld in die skenker se teenwoordig aangeteken en deur die skenker onderteken word. Fondse wat met eredienste gekollekteer word, moet altyd deur minstens twee persone hanteer word totdat dit klaar getel en die bedrag aangeteken is.
- Direkte elektroniese betalings moet deur meer as een persoon hanteer word: die transaksie moet deur een persoon opgestel en deur 'n ander gemagtig te word.
- In die magtiging van transaksies moet verseker word dat die fondse aan die korrekte

begunstigdes uitbetaal word.

- Alle fondse moet deur die kerk se amptelike bankrekening gaan. Kontant wat ingesamel is, moet eers gebank word voordat uitgewas daarmee betaal word. Hoewel hoë bankkoste dikwels op kontant van toepassing is, moet hierdie prosedure steeds gevolg word.
- Die kerkrade moet die aanstelling van die ouditeurs hanteer, en verseker dat die gemeente se boeke inderdaad deur daardie ouditeurs nagegaan is.
- Die gemeente se geouditeerde inkomstestaat (Vorm B) moet tydens 'n kerkradevergadering goedgekeur en daarna onderteken word. Dit word dan aan die ringskriba en sinodale kantoor gestuur.

### 13.5 BESLUIE:

**13.5.1** Hierdie riglyne word onder kerkrade se aandag gebring.

**13.5.2** Kerkrade word versoek om hul proses om geld te hanteer self te laat kontroleer, met volledige verslag aan die kerkrade.

## PREDIKANTE

**Nota:** Hierdie sake word in meer detail bespreek in A4 – Begeleiding, te vind in die Sakelys van die Sinode – besoek:

<http://ngkok.co.za/sinode2016/Agendaboek-Sinode-OK-2016.pdf>

## 14. SELFSORG VIR PREDIKANTE

**14.1** Die sinode versoek dominees om gebruik te maak van die vier geloofsgewoontes tot persoonlike selfsorg, naamlik mentorskap, geestelike begeleiding, VBO en geloofsvorming in klein groepies.

**14.2** Die sinode versoek ringe en kerkrade om gereeld by dominees navraag te doen oor die manier waarop hulle vir hulle eie selfsorg verantwoordelikheid aanvaar. Die navraag geskied sensitief en op 'n persoonlike vlak.

## 15. DIENSVERHOUDINGE EN VERSORGING VAN PREDIKANTE

**15.1** Volgens die A tot Z Handleiding wys elke kerkrade 'n predikanteversorgingskommissie (PVK) aan wie se doelbewuste taak dit is om die predikant emosioneel-geestelik te help versorg. Volledige riglyne hieroor is beskikbaar in die Algemene Sinode se "Bestuursgids vir Diensverhoudinge". Lees ook meer hieroor in die

Kerkrade artikels 7, 12 en 58.

**15.2** Die Sinode herinner kerkrade aan hulle verantwoordelikheid om hulle dominee te versorg volgens die riglyne van die Bestuursgids vir Diensverhoudinge, en volgens die riglyne soos dit hierdie verslag uiteengesit word.

**15.3** Die Sinode versoek die Begeleidingsnetwerk vir Predikante om voort te gaan om 'n opleidingspakket vir Diensverhoudingskommissies saam te stel en ringe en kerkrade toe te rus om dit in hulle werkskringe te gebruik.

**15.4** Die Sinode versoek kerkrade om hulle Diensverhoudingskommissies te stuur na geleentheid waar die opleidingspakket vir Diensverhoudingskommissies aangebied word.

**15.5** Die Sinode versoek ringe om, in samewerking met die Netwerk vir Predikantebegeleiding, in hulle werkskringe opleidingsgeleentheid te reël vir Diensverhoudingskommissies.

## 16. DIENSVOORWAARDES

**16.1** Die Sinode versoek kerkrade wat mense aanstel om predikantswerk te doen om die Algemene Sinode se riglyne in terme van diensvoorwaardes en traktement na te kom.

**16.2** Die Sinode versoek ringskommissieledes wat van die ring se kant aan 'n vakante gemeente raad gee, en uiteindelik diensvoorwaarde-kontrakte goedkeur, om dit te doen volgens die Algemene Sinode se riglyne in terme van diensvoorwaardes en traktement.

## 17. ONTMOETINGSPROSES

**17.1** Die Begeleidingsnetwerk vir Predikante bied 'n baie effektiewe ontmoetingsproses vir kerkrade aan wanneer nuwe predikante bevestig word.

**17.2** Die sinode moedig gemeentes wat 'n nuwe predikant ontvang aan om saam met die predikant 'n ontmoetingsproses deur te gaan.

## 18. NAVORSING OOR PREDIKANTE

**Nota:** Hierdie saak word in meer detail bespreek in A5 – Navorsing, te vind in die Sakelys van die Sinode – besoek:

<http://ngkok.co.za/sinode2016/Agendaboek-Sinode-OK-2016.pdf>

**18.1** Die Netwerk vir Predikantebegeleiding het die Universiteit van Stellenbosch versoek om

navorsing oor die welstand van Oos-Kaaplandse predikante te doen.

**18.2** Hierdie navorsing maak deel uit van die hoofstuk in die agendaboek wat oor **navorsing handel** (A5).

**18.3** Die inligting is reeds by die sinode bespreek, maar sal ook verdere aandag kry. Die sinode ontvang die navorsing oor die welstand van predikante in die Oos Kaap en verwys dit na die Netwerk vir Predikantebegeleiding om die inligting te verwerk en aan die gemeentes beskikbaar te stel.

**18.4** Gemeentes word versoek om ernstig aandag te gee aan inligting uit die navorsing wat hulle predikante se welstand raak. Die verslag kan afgelaai word by:

<http://ngkok.co.za/sinode2016/Welstand-Predikante-2016.pdf>

## 19. MENTORSKAP

**19.1** Die sinode moedig elke dominee aan om in 'n mentorsverhouding met 'n opgeleide mentor doelgerig te werk aan groei in so veel as moontlik van sy/haar lewensareas.

**19.2** Die sinode versoek die kerkrade se predikanteversorgingskommissies om hulle dominee te ondersteun om gereeld na 'n opgeleide mentor te gaan.

**19.3** Die sinode versoek ringe om dominees en kerkrade te help om in die ringsgebied 'n kultuur van mentorskap te ontwikkel.

**19.4** Die sinode versoek dominees en ander gemeenteleiers om in te skakel by die Netwerk vir Predikantebegeleiding se mentorskap opleidingsprogram.

## 20. DIE BELANG VAN DIE BEROEPINGS-PROSES

**20.1** Die beroeping van 'n nuwe leraar is 'n krities-belangrike fase in die lewe van enige gemeente. Die gemeente moet goed begryp wat die Here van haar in die nuwe fase van 'n nuwe leraar se bediening verwag, wat die profiel van die leraar moet wees, en die pos dan daarvolgens bekendstel.

**20.2** Brugbediening bly 'n waardevolle instrument om gemeentes in hierdie tyd te begelei. Dit is belangrik dat die wysheid van die ring deur die konsulent verteenwoordig word, en deurgaans in die proses verreken word. Waar nie van 'n formele brugleraar gebruikgemaak word nie, kan 'n leraar uit die ring sekere aspekte van die brugbediening

waarneem, soos die geloofsonderskeidende begeleiding van die gemeente.

**20.3** Die neem van kortpaaie en die uitbring van 'n beroep op eerste indrukke moet vermy word. Die moeiliker pad van gebed en onderskeiding, waar 'n verteenwoordigende groep saam na die regte bedienaar van die Woord soek, is nodig.

**20.4** Die Sinode ontmoedig termynkontrakposte en ringe moet seker maak dat hierdie opsie slegs gebruik word waar 'n spesifieke taak vir 'n spesifieke tyd van toepassing is. Die hantering van termynkontrakte as 'n proefperiode of om van die leraar ontslae te kan raak as die gemeente nie langer met hom/haar tevrede is nie, is onverantwoordelik en liefdeloos.

**20.5** Gemeente moet ringe / ringskommissies vooraf in die beroepsproses en met kontraktering ken.

## ISLAM

**Nota:** Hierdie sake word in meer detail bespreek in A4 – Begeleiding, te vind in die Sakelys van die Sinode – besoek:

<http://ngkok.co.za/sinode2016/Agendaboek-Sinode-OK-2016.pdf>

### 21. NETWERK VIR GETUIENIS : FOKUS ISLAM

**21.1** Die Sinode beskik oor 'n Netwerk wat ons getuienistaak teenoor Islam begelei.

#### 21.2 Besluite

**21.2.1** Dat elke ring 'n verteenwoordiger aanwys om op die Netwerk vir Getuienis: Fokus Islam te dien.

**21.2.2** Dat ringe tydens die jaarlikse ringsittings geleentheid gee vir gemeentes om terugvoer te gee oor wat hulle in hul gemeenskap waarneem, hoe hulle op Islam reageer asook versoeke en/of voorstelle vir die netwerk deurgee.

**21.2.3** Dat kerkrade aangemoedig word om leraars en gemeentelidmers na die jaarlikse Islam fokus VBO te stuur.

**21.2.4** Dat kerkrade geleenthede reël waar die gemeente ingelig kan word rondom Islam.

### 22. GEBED VIR MOSLEMS

**22.1** Daar is jaarliks twee globale gebeds-geleenthede waarby gemeentes met groot seën sou kon inskakel. Elke jaar word daar tydens Ramadan vir Moslems gebid (sien <http://pray30days.org/about/>). Dit val saam met

Ramadan en skuif dus elke jaar. Dan is daar ook 'n biddag vir die vervolgte kerk wat gehou word op die eerste of tweede Sondag van November gehou word (<http://idop.org/en/>).

#### 22.2 Besluit:

**Gemeentes word aangemoedig om jaarliks deel te neem aan die 30 dae van gebed tydens Ramadan, asook die jaarlikse dag van gebed vir die vervolgte kerk.**

### 23. Betrokkenheid by plaaslike gemeenskappe

**23.1** Die werklikheid is dat ons steeds in 'n baie verdeelde samelewing leef. Die verskille in taal, kleur en status loop diep. Baie gelowiges mag miskien nie oortuig wees dat Islam enigins 'n uitdaging inhou nie, maar hierdie oortuiging is nie die werklikheid nie. Die Oos-Kaap platteland beleef 'n geweldige toename van Moslems en die plaaslike bevolking word nie onaangeraak hierdeur nie. Die werklikheid is dat Islam net sal groei waar die kerk nie gesond en aktief en waaksaam is nie.

**23.2** Islam kom baie maklik in waar daar armoede is en waar die kerk nie toegerus is om 'n wesenlike verskil te maak nie. Die Transkei en die Oos-Kaapse platteland staan voor 'n groot uitdaging weens 'n groeiende Islam. Dit is noodsaaklik dat ons hande vat met ander kerkgenootskappe en met Christene van ander tale en velkleure. Dit is deur die eenheid en barmhartigheidswerk van die kerk dat 'n verskil gemaak sal word.

#### 23.3 Besluit:

**Dat ringe en gemeentes saam met ander denominasies in hul area sal werk; bestaande bediening wat sinvol uitreik na Moslems in hul gemeenskappe identifiseer en hul betrek in gesprekke en deelname.**

## BYBELGENOOTSAP

### 24. KOLLEKTES VIR BYBEL-VERSPREIDING

**24.1** Die Sinode versoek elke gemeente in die sinodale gebied om wel jaarliks 'n kollekte vir Bybelverspreiding op te neem en direk aan die Bybelgenootskap in Port Elizabeth oor te betaal.

Ds Danie Mouton  
Direkteur Sinode